



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE V2

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye insluitend 'n
formuleblad en 'n 11-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Rekonsiliasies en Interne beheer	35	30
2	Periodieke voorraadstelsel en Kosterekeningkunde	50	40
3	Begroting	35	30
4	BTW, Probleemoplossing en Etiek	30	20
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: REKONSILIASIES EN INTERNE BEHEER**(35 punte; 30 minute)****1.1 KREDITEUREREKONSILIASIE**

Muller Winkels het aan die einde van Oktober 2024 'n staat van 'n krediteur, Kouga Handelaars, ontvang. Die saldo op die staat stem nie ooreen met die saldo in die Krediteurgrootboek van Muller Winkels nie.

INLIGTING:**KREDITEURGROOTBOEK VAN MULLER WINKELS****KOUGA HANDELAARS****Verwysing: KGB 11**

Datum	Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
1 Okt	Saldo			13 500(kt)
4 Okt	Faktuur nr. 5270		21 600	35 100
6 Okt	EFO nr. 340	6 400		28 700
6 Okt	Korting ontvang	640		28 060
13 Okt	Faktuur nr. 5575		9 760	37 820
16 Okt	Debietnota nr. 215	140		37 680
24 Okt	Faktuur nr. 5601		2 494	40 174
28 Okt	EFO nr. 388	10 000		30 174
28 Okt	Korting ontvang	1 000		29 174

KOUGA HANDELAARS				
DEBITEURESTAAT				
Muller Winkels Bakenstraat 8 Joubertina 6540			Verwysing: DGB 3	
			Staatdatum: 25 Oktober 2024	
		DEBIET	KREDIET	SALDO
1 Okt	Saldo			13 500(dt)
4 Okt	Faktuur nr. 5270	11 600		25 100
8 Okt	Kwitansie nr. 868		6 400	18 700
13 Okt	Faktuur nr. 5575	9 760		28 460
16 Okt	Kredietnota nr. 364		1 400	27 060
24 Okt	Faktuur nr. 5601	2 494		29 554

Addisionele inligting:

- (i) Muller Winkels het 'n fout gemaak met die verwerking van faktuur 5270.
- (ii) Kouga Handelaars moes die afslag op 6 Oktober 2024 toegestaan het.
- (iii) 'n Ondersoek het getoon dat die bedrag wat op 16 Oktober 2024 getoon word, met betrekking tot die goedere wat deur Muller Handelaars teruggestuur is, korrek in Kouga Handelaars se boeke aangeteken is.

GEVRA:

- 1.1.1 Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK verskaf om veranderinge/regstellings in die Krediteurgrootboek van Muller Handelaars op 31 Oktober 2024 te toon. Gebruik die kolom vir die Debiteurestaat wat van Kouga Handelaars ontvang is om die veranderinge/regstellings wat op die staat van Kouga Handelaars gemaak moet word, aan te dui.

Dui 'n toename aan met (+) of 'n afname met 'n (–) langs elke bedrag. (11)

- 1.1.2 Noem TWEE take van die krediteureklerk om die interne beheer oor krediteure te handhaaf of te verbeter. (2)

- 1.1.3 Voordat krediet aan nuwe debiteure toegestaan word, is dit belangrik dat Kouga Handelaars doeltreffende beheermaatreëls instel. Voordat krediet toegestaan word, is dokumentasie soos identifikasie en bewys van adres verpligtend.

Identifiseer 'n spesifieke dokument wat Kouga Handelaars van nuwe debiteure kan aanvaar as geldige bewys van adres. (1)

1.2 BANKREKONSILIASIE

Time Tech Handelaars koop en verkoop slimhorlosies. Die besigheid word deur Elgin Timekeeper besit. Time Tech Handelaars koop en verkoop voorraad op krediet en vir kontant. Die amptelike bankstaat vir September 2024 is op 25 September 2024 ontvang. Alle kontanttransaksies word deur Carro Johnson beheer.

GEVRA:

- 1.2.1 Ontleed elke transaksie hieronder deur die kolomme in die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi. (15)

- 1.2.2 As die interne ouditeur is jy nie tevrede met die beheer van kontant in die onderneming nie.

- Verduidelik TWEE probleme wat jy uit die transaksies kon identifiseer wat 'n gebrek aan beheer oor kontant toon. Haal syfers aan.
- Gee advies oor hoe ELKE probleem in die toekoms vermy kan word. (6)

INLIGTING:

TRANSAKSIES vir September 2024:

- (i) 'n Aftrekorderbetaling van R6 600 vir die maandelikse terugbetaling op die lening van Tempo Bank moet nog deur die besigheid aangeteken word.
- (ii) EFO 283 vir R2 400 uitgereik aan 'n krediteur as gedeeltelike betaling van die rekening van R4 000 het slegs in die kontantjoernaal verskyn.
- (iii) EFO 288 vir R375 verskyn op die bankstaat. Hierdie EFO is aan Chrono Link Verskaffers uitgereik vir voorraad wat op 12 September 2024 gekoop is. Dit is verkeerdelik as R357 in die kontantjoernaal ingeskryf.
- (iv) 'n Deposito van R52 000 wat op 17 September 2024 gemaak is, is in die kontantjoernaal aangeteken, maar het nie op die bankstaat verskyn nie.

- (v) Die bankstaat toon bankkoste van R359 wat nog nie deur die onderneming aangeteken is nie.
- (vi) EFO 293 vir R1 250 van die vorige maand se Rekonsiliasiestaat, uitgereik aan Vodamoda, vir die maandelikse telefoonrekening, verskyn op die bankstaat vir September 2024.
- (vii) 'n Deposito van R15 000 vir huur wat van Moses Handelaars ontvang is, verskyn nie op die bankstaat vir September 2024 nie. Na 'n ondersoek het Carro gesê dat sy op pad bank toe beroof is. Die eienaar het die kansellasie van hierdie deposito gemagtig aangesien hy nie seker was dat enige van hierdie geld ooit teruggekry sal word nie.
- (viii) 'n Betaling van R10 000 wat van 'n debiteur ontvang is, is korrek op die Bankstaat aangeteken, maar is as 'n betaling in die Bankrekening aangeteken.

VRAAG 2: PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL EN KOSTEREKENINGKUNDE
(50 punte; 40 minute)

2.1 CARLON UITRUSTERS

Carlton Uitrusters is 'n kleinhandelonderneming wat in sokkertoerusting handel dryf. Carlton gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys op al sy produkte.

GEVRA:

2.1.1 As hierdie besigheid die periodieke stelsel sou gebruik, gebruik die inligting om die volgende te bereken:

- Totale Aankope
 - Totale Verkope
- (8)

2.1.2 Help Carlton om die bruto wins te bereken deur 'n Handelsrekening in die Algemene Grootboek op te stel.

(7)

2.1.3 Carlton is besorg oor die hoë vervoerkoste wat hy op voorraadaankope moet betaal (verwys na vraggeld op aankope). Gee vir Carlton advies oor hoe hy hierdie probleem kan oplos.

(2)

INLIGTING:

Die inligting hieronder is uit die Algemene Grootboek op 31 Augustus 2024, die einde van die finansiële jaar, geneem.

Aanvangsvoorraad	R400 200
Aankope op krediet	715 000
Aankope vir kontant	174 000
Kredietverkope	900 650
Kontantverkope	1 140 000
Debiteureafslag	46 200
Doeaneregte	46 100
Vraggeld op verkope	93 400
Vraggeld op aankope	170 000

Addisionele inligting:

Die volgende is nog nie in ag geneem nie:

- (i) 'n Debitur het voorraad wat sy vir R2 000 gekoop het teruggebring (kosprys R1 000).
- (ii) 'n Sokkerstel is aan die plaaslike klub geskenk. Die kosprys van die stel is R3 200.
- (iii) Carlton het voorraad ter waarde van R900 huis toe geneem. Hy het dit gedoen voordat die voorraadopname gedoen is.
- (iv) Volgens 'n voorraadopname gedoen op 31 Julie 2024, is die waarde van voorraad voorhande R265 000 (nadat die inligting hierbo in ag geneem is).

2.2 VERVAARDIGINGSKONSEPTE

Drie opsies word vir elk van die stellings hieronder verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die korrekte antwoord in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.2.1

direkte arbeidskoste; administratiewe koste; fabrieksbokoste

Die lone betaal aan 'n fabriekskoonmaker, sal as ... geklassifiseer word. (1)

2.2.2

versekering; verpakkingsmateriaal; skryfbehoeftes

Watter EEN van die bogenoemde sal NIE as 'n administrasiekoste beskou word nie? (1)

2.2.3

Advertensie; Grondstof;
Waardevermindering op aanleg en masjinerie

... is 'n voorbeeld van verkoops- en verspreidingskoste. (1)

2.3 TIAN LANGA

Die onderneming is in Butterworth gebaseer en vervaardig leerrugsakke. Die eienaar is Tian Langa. Die huidige finansiële jaar het op 30 Junie 2024 geëindig.

GEVRA:

2.3.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 30 Junie 2024:
• Fabrieksbokoste (14)

2.3.2 Stel die volgende rekening in die Algemene Grootboek op:
• Goedere-in-bewerking (8)

INLIGTING:

1.	Saldo's	30 Junie 2024	30 Junie 2023
	Goedere-in-bewerking	20 400	32 440
	Klaarproduktevoorraad	?	37 600
	Fabrieksindirekte materiaal	7 200	10 870

2. Transaksies en ander finansiële inligting vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.

Totale Primêre koste	452 680
Direkte Arbeidskoste	228 080
Salarisse:	
• Fabrieksvoorman	66 000
• Verkoopsbestuurder	36 000
Fabrieksindirekte materiaal aangekoop	30 400
Water en Elektrisiteit	28 700
Huuruitgawe	66 900
Versekering (fabriek)	10 600
Waardevermindering op fabriekaanleg en masjinerie	11 400
Diverse fabrieksuitgawes	12 420
Advertensies	10 980
Verkope van klaarprodukte (Goedere word verkoop teen 'n winsopslag van 50% op kosprys)	900 000

- Huur word toegedeel in verhouding tot vloeroppervlakte wat deur die verskillende departemente beset word, wat soos volg is:

	VERKOPE	FABRIEK	KANTOOR
Vierkante meter	100	2 800	600

- 20% van die water en elektrisiteit word aan die kantoor toegedeel en 10% aan die verkoopsafdeling. Die verskil is vir die fabriek.
- Die versekering is verkeerdelik in die verhouding 1 : 1 : 1 toegedeel. Die fabriek gebruik $66\frac{2}{3}$ % van die elektrisiteit.

2.4 BT RUGBYBALLE

GEVRA:

Bestudeer die inligting wat verskaf word en beantwoord die volgende vrae:

- 2.4.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (4)
- 2.4.2 Moet Bevan tevrede wees met die vlak van produksie van rugbyballe in die 2024 finansiële jaar? Verduidelik kortliks deur toepaslike syfers aan te haal. (2)
- 2.4.3 Verduidelik kortliks wat met “ekonomie van skaal” bedoel word met spesifieke verwysing na vaste koste. (2)

INLIGTING:

- (i) Die besigheid, wat deur Bevan besit word, het 4 700 sokkerballe vervaardig en verkoop gedurende die jaar geëindig 29 Februarie 2024. Die verkoopprijs is R260 per bal.

Gedurende die vorige jaar is 4 200 balle vervaardig en verkoop. Die verkoopprijs in 2023 was R285, maar dit moes verlaag word weens groter mededinging van ander vervaardigers.

- (ii) Berekeninge uit die rekeningkundige rekords:

	Tipe koste	2024	2023
		Per eenheid gebaseer op 4 700 eenhede	Per eenheid gebaseer op 4 200 eenhede
Verkoopprijs		R260,00	R285,00
Administrasie en fabrieksbokoste	Vaste	R76,60	R89,82
Direkte arbeidskoste	Veranderlik	R66,00	R53,50
Verkoop- en verspreidingskoste	Veranderlik	R35,00	R18,40
Direkte materiaalkoste	Veranderlik	R77,50	R80,00

VRAAG 3: BEGROTINGS**(35 punte; 30 minute)****3.1 MOSES HANDELAARS**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Moses Handelaars, 'n alleeneienaar.

GEVRA:

3.1.1 Noem enige TWEE items wat nie in die Kontantbegroting sal verskyn nie. (2)

3.1.2 Bereken die persentasie goedere wat gedurende September 2024 op krediet verkoop is. (3)

3.1.3 Bereken die bedrag wat die besigheid verwag om gedurende Oktober 2024 van debiteure te ontvang. (6)

3.1.4 Verwys na **INLIGTING A** en voltooi die Kontantbegroting in die ANTWOORDEBOEK. (18)

3.1.5 Verwys na **INLIGTING B**:

Vergelyk die werklike syfers van September 2024 met die begrote bedrae. Adviseer die eienaar oor moontlike redes vir die verskille en wat hy kan doen om die situasie gedurende Oktober 2024 te verbeter. Geen syfers word benodig nie. (6)

INLIGTING A:

1. Verkoopsyfers vir 2024:

MAANDE	WERKLIK		BEGROOT	
	KONTANT	KREDIET	KONTANT	KREDIET
AUGUSTUS	22 800	90 200		
SEPTEMBER	16 600	60 400		
OKTOBER			12 600	10% minder as krediet-verkope van September

2. Kredietverkope word gewoonlik as volg ingesamel:

- 50% in die maand van verkope (hierdie debiteure ontvang 5%-korting)
- 30% na 30 dae (in die maand na verkope)
- 15% na 60 dae (twee maande na verkope)
- 5% word as oninbare skuld afgeskryf

3. Die volgende moet in ag geneem word i.v.m handelsvoorraad:

- Die besigheid handhaaf 'n winsopslagpersentasie van 40% op kosprys vir verkope en 'n vaste basisvoorraadvlak (voorraad wat in 'n maand verkoop word, word in daardie maand vervang).
- Alle aankope van voorraad word op krediet gedoen.
- Krediteure word betaal in die maand na die aankoop van die voorraad.

4. Rente op vaste deposito beloop R14 100 per jaar. Dit word elke jaar in drie gelyke paaieimente op 1 Februarie, 1 Junie en 1 Oktober ontvang.
5. R3 000 per maand word vir instandhouding van geboue toegeken.
6. Die totale huurinkomste vir die vorige finansiële jaar was R48 000. Die huur sal na verwagting op 1 Oktober 2024 met 10% daal.
7. Die eienaar het besluit dat sy onttrekkings per maand nie R9 000 mag oorskry nie. Dit bestaan uit R7 000 kontant en R2 000 se handelsvoorraad.
8. Moses het besluit dat hy sy kapitaalbydrae gedurende Oktober 2024 met R50 000 kontant en R25 000 se toerusting sal verhoog.
9. Die munisipaliteit word die maand nadat hulle die water- en elektrisiteitsrekeninge uitgestuur het, betaal. Hulle het die rekening vir Augustus 2024, R2 400, laat gestuur, so dit kon nie in September betaal word nie. Die rekening vir September 2024, wat 10% hoër is as die vorige een, het betyds gekom en sal saam met die agterstallige Augustus 2024-rekening betaal word.
10. Die banksaldo het 'n oortrekking van R24 800 op 30 September 2024 getoon.

INLIGTING B:

SEPTEMBER 2024	WERKLIK	BEGROOT
Huurinkomste	R3 000	R4 000
Onttrekkings	R10 500	R9 000
Instandhouding van geboue	R3 000	R4 500

VRAAG 4: BTW, PROBLEEMOPLOSSING EN ETIEK**(30 punte; 20 minute)****4.1 BTW**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mia se Vars Produkte vir die maand Oktober 2024. Die besigheid gebruik die deurlopende voorraadstelsel en koop en verkoop al sy voorraad vir kontant. Die standaard BTW-koers is 15%.

GEVRA:

4.1.1 Waarvoor staan die afkorting BTW? (1)

4.1.2 Waarom klassifiseer die regering sekere items as nulkoers vir BTW? Noem TWEE nulkoersitems. (4)

4.1.3 Verduidelik kortliks aan Mia wat word met Uitset BTW en Inset BTW bedoel. (2)

4.1.4 Verwys na **INLIGTING A:**

Bereken die BTW betaal op die nuwe winkeltoerusting wat gekoop is. (3)

4.1.5 Verwys na **INLIGTING B:**

Gebruik die inligting i.v.m die goedere wat gedurende Oktober 2024 van verskaffers gekoop is.

Bereken:

- BTW op hierdie goedere
- Die koste van alle goedere aangekoop, BTW uitgesluit (7)

INLIGTING A:

Mia het op 1 Oktober 2024 winkeltoerusting kontant gekoop vir R8 500, BTW uitgesluit.

INLIGTING B:

Mia het goedere op krediet by verskaffers vir R62 974 gekoop, 15% BTW ingesluit. Sy het ook goedere vir R12 800 wat nulkoers BTW-items was, gekoop.

4.2 PROBLEEMOPLOSSING EN ETIEK

Kyle se Fietse verkoop een handelsmerk fietse. Die eienaar, Kyle Rob, het drie takke wat in Qonce, Camdeboo en Humansdorp bedryf word. Die drie takke word onderskeidelik deur Sassa, Jaco en Bevan bestuur. Kyle Rob het die jaar se syfers van die drie takke vir die finansiële tydperk wat op 31 Oktober 2024 eindig, gekry.

GEVRA:

4.2.1 Verwys na **INLIGTING A**:

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak, en haal syfers aan om die probleem te ondersteun. Bied in elke geval vir Kyle Rob advies oor hoe om die probleem op te los. (9)

4.2.2 Verwys na **INLIGTING B**:

Wat is 'n fluitjieblaser? (2)

4.2.3 Wat is die etiese kenmerke van 'n fluitjieblaser, na jou mening? Noem TWEE kenmerke. (2)

INLIGTING A:

TAK	QONCE	CAMDEBOO	HUMANSDORP
BESTUURDER	Sassa	Jaco	Bevan
Verkoopprijs per fiets	R2 500	R2 500	R2 500
Aantal fietse verkoop	400	200	380
Inkomste uit verkope	R900 000	R500 000	R950 000
Salarisse van bestuurders	R18 000 p.m.	R22 000 p.m.	R18 000 p.m.
Verlof geneem deur bestuurders	22 dae	21 dae	34 dae
Aantal fietse teruggebring deur klante	15	14	32

INLIGTING B:

Matt is die Menslike Hulpbronnebestuurder van Kyle se Fietse. 'n Werker met die naam Carter het Matt genader en verduidelik dat hy hom wil vertel van die misbruik van die besigheid se bates, maar dat hy oor sy werk bekommerd is.

Matt het hom daaraan herinner dat hy eties en wetlik verplig is om hierdie kwessies aan Kyle Rob te rapporteer. Hy het aan Carter gesê dat hy onder die fluitjieblaserwette beskerming het.

30

TOTAAL: 150

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste van vennoot}}{\text{Vennoot se gemiddelde ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels- en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-bedryfslaste: Eienaarsekwiteit	Totale bates: Totale laste	
Totale vaste koste Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid		



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

Naam:

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE V2 ANTWOORDEBOEK

VRAAG	MAKS PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREER- DE PUNTE
1	35		
2	50		
3	35		
4	30		
TOTAAL	150		



Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1**1.1.1 KREDITEURE**

	KREDITEUREGROOT- BOEK VAN MULLER HANDELAARS	STAAT VAN KOUGA HANDELAARS
Voorlopige saldo's		
Saldo's na aanpassings		

11

1.1.2 Noem TWEE take van die krediteureklerk om die interne beheer oor krediteure te handhaaf of te verbeter.

2

1.1.3 Voordat krediet toegestaan word, is dokumentasie soos identifikasie en bewys van adres verpligtend. Identifiseer 'n spesifieke dokument wat Kouga Handelaars van nuwe debiteure kan aanvaar as geldige bewys van adres.

--

1

1.2.1 BANKREKONSILIASIE

Nr.	Besonderhede van kontrarekening	Bankrekening		Bankrekonsiliasie-staat		Geen inskrywing (dui aan met 'n x)
		Dt	Kt	Dt	Kt	
(i)						
(ii)						
(iii)						
(iv)						
(v)						
(vi)						
(vii)						
(viii)						

15

1.2.2

Verduidelik TWEE probleme wat jy uit die transaksies kon identifiseer wat 'n gebrek aan beheer oor kontant toon. Haal syfers aan. Gee advies oor hoe ELKE probleem in die toekoms vermy kan word.

TWEE PROBLEME MET SYFERS	ADVIES

6

VRAAG 1:
TOTALE PUNTE

35

VRAAG 2

2.1.1 Bereken:

(i) Totale Aankope	
BEREKENING	ANTWOORD
(ii) Totale Verkope	
BEREKENING	ANTWOORD

8

2.1.2

[illegible]

7

2.1.3

Carlou is besorg oor die hoë vervoerkoste wat hy op voorraad-aankope moet betaal (verwys na vraggeld op aankope). Gee vir Carlou advies oor hoe hy hierdie probleem kan oplos.

2

2.2 Vervaardigingskonsepte

2.2.1	
2.2.2	
2.2.3	

3

2.3.1

FABRIEKSBOKOSTE	BEWERKINGS	BEDRAG
TOTAAL		

14

2.3.2

Dt	Goedere-in-bewerking		Kt
BESONDERHEDE	BEDRAG	BESONDERHEDE	BEDRAG

8

2.4 BT RUGBYBALLE

2.4.1

Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.	
BEREKENING	ANTWOORD

4

2.4.2

Moet Bevan tevrede wees met die vlak van produksie van rugbyballe in die 2024 finansiële jaar? Verduidelik kortliks deur toepaslike syfers aan te haal.

2

2.4.3

Verduidelik kortliks wat met “ekonomie van skaal” bedoel word met spesifieke verwysing na vaste koste.

2

VRAAG 2: TOTALE PUNTE	50	
--------------------------	----	--

HOU HIERDIE

BLADSY OOP

VRAAG 33.1.1 **Noem enige TWEE items wat nie in die Kontantbegroting sal verskyn nie.**

--

2

3.1.2 **Bereken die persentasie goedere wat gedurende September 2024 op krediet verkoop is.**

BEREKENING	ANTWOORD

3

3.1.3 **DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE**

Maand in 2024	Krediet verkope	Berekeninge	Oktober
Augustus	R90 200		
September	R60 400		
Oktober			
KONTANT VAN DEBITEURE			

6

3.1.4 **KONTANTBEGROTING**

KONTANT ONVANGSTES	OKTOBER
Kontant van debiteure	
Kontantverkope	
KONTANT BETALINGS	
Kontant betaal aan krediteure	
Kontant surplus / tekort vir die maand	
Bank (Beginsaldo)	
Bank (Eindsaldo)	

18

3.1.5

Vergelyk die werklike syfers van September 2024 met die begrote bedrae. Adviseer die eienaar oor moontlike redes vir die verskille en wat hy kan doen om die situasie gedurende Oktober 2024 te verbeter. Geen syfers word benodig nie.

	REDES	ADVIES
Huurinkomste		
Onttrekkings		
Onderhoud van geboue		

6

VRAAG 3:
TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4**4.1 BTW**4.1.1 **Waarvoor staan die afkorting BTW?**

--

1

4.1.2 **Waarom klassifiseer die regering sekere items as nulkoers vir BTW?
Noem TWEE nulkoersitems.**

REDE:	
ITEM 1	
ITEM 2	

4

4.1.3 **Verduidelik kortliks aan Mia wat word met Uitset BTW en Inset BTW bedoel.**

UITSET BTW	
INSET BTW	

2

4.1.4 **Bereken die BTW betaal op die nuwe winkeltoerusting wat gekoop is.**

BEREKENING	ANTWOORD

3

4.1.5 **Gebruik die inligting i.v.m. die goedere wat gedurende Oktober 2024 van verskaffers gekoop is.**

BEREKENING	ANTWOORD
BTW op hierdie goedere:	
Die koste van alle goedere aangekoop, BTW uitgesluit:	

7

4.2 Probleemoplossing en Etiek

4.2.1 Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak en haal syfers aan om die probleem te ondersteun. Bied in elke geval vir Kyle Rob advies oor hoe om die probleem op te los.

	PROBLEEM EN SYFERS	ADVIES
QONCE		
CAMDEBOO		
HUMANSDORP		

9

4.2.2 Wat is 'n fluitjieblaser?

--

2

4.2.3 Wat is die etiese kenmerke van 'n fluitjieblaser, na jou mening? Noem TWEE kenmerke.

2

VRAAG 4:
TOTALE PUNTE

30

TOTAAL: 150



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LET WEL:** Indien punte in die nasienriglyn toegeken word vir komponente van bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is (maks. -2 per V).
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken Bewerking en een deel korrek. **LET WEL:** Kontroleer bewerking. Moet +, -, x, ÷, of per nasienriglyn wees.
11. In berekeninge, moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle, dui aan d.m.v. ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1

1.1.1

KREDITEURE

	KREDITEUREGROOT- BOEK VAN MULLER HANDELAARS	STAAT VAN KOUGA HANDELAARS
Voorlopige saldo's	29 174 ✓	29 554 ✓
	- 10 000 ✓✓	- 640 ✓
	- 1 260 ✓✓	- 10 000 ✓
		- 1 000 ✓
Saldo's na aanpassings	17 914	✓ ☒ *
		17 914

11

* Een deel korrek, moet openingsaldo's insluit & totale moet dieselfde bedrae wees

1.1.2

Noem TWEE take van die krediteureklerk om die interne beheer oor krediteure te handhaaf of te verbeter.

Enige TWEE moontlike antwoorde: ✓ ✓

- Maak seker dat krediteure betyds betaal word om rente op agterstallige rekeninge te voorkom.
- Terugstuur van aankope moet behoorlik gemagtig word en met krediteure/verskaffers onderhandel word.
- Betaling moet deur die korrekte/versoende maandelikse state ondersteun word.
- Fakture moet vergelyk word met die goedere wat afgelewer is om te verseker dat alle items is in goeie toestand ontvang.
- Goedere ontvang, moet vergelyk word met die bestellings wat geplaas is om te verseker dat goedere wat ontvang is volgens bestelling is.

2

1.1.3

Voordat krediet toegestaan word, is dokumentasie soos identifikasie en bewys van adres verpligtend. Identifiseer 'n spesifieke dokument wat Kouga Handelaars van nuwe debiteure kan aanvaar as geldige bewys van adres.

Enige EEN moontlike antwoord: ✓

- Elektrisiteit- of munisipale dienste-rekening
- Bank- of kredietkaartstaat
- Huurooreenkoms of huurkontrak
- Dokument uitgereik deur munisipaliteit / wyksraadslid

1

1.2.1 BANKREKONSILIASIE

Nr.	Besonderhede van kontrarekening	Bankrekening		Bankrekonsiliasie-staat		Geen inskrywing (dui aan met 'n x)
		Dt	Kt	Dt	Kt	
(i)	Lening: Tempo Bank ✓		6 600 ✓			
(ii)				2 400 ✓		
(iii)	Handelsvoor-raad ✓		18 ✓✓			
(iv)					52 000 ✓	
(v)	Bankkoste ✓		359 ✓			
(vi)						X ✓
(vii)	Huurinkomste/ Kontantverlies ✓		15 000 ✓			
(viii)	Krediteure-kontrole ✓	20 000 ✓✓ OF (10 000 een punt + 10 000 een punt)				

15

1.2.2 Verduidelik TWEE probleme wat jy uit die transaksies kon identifiseer wat 'n gebrek aan beheer oor kontant toon. Haal syfers aan. Gee advies oor hoe ELKE probleem in die toekoms vermy kan word.

PROBLEME ✓ ✓ SYFERS ✓ ✓	ADVIES ✓ ✓
Groot uitstaande deposito (R52 000) is op 17 September 2024 ontvang en verskyn nog nie op die bankstaat as gedeponeer nie (13 dae) Moontlike rol van kontant Bankfout (deposito aan 'n ander bankkliënt gekrediteer)	• Verseker dat deposito's gereeld gedoen word om wanbestuur te voorkom • Reël met die bank om 'n kennisgewing (per SMS of e-pos) aan die eienaar te stuur om te bevestig dat deposito's gemaak is • Moedig kliënte aan om direkte/ internet/ aanlyn deposito's (EFO's) te maak
R15 000 is op pad bank toe, om die deposito te maak, gesteel Swak interne beheermaatreëls Deposito's word deur slegs een persoon gedoen Geen beskerming vir persoon wat bank toe gaan / Gebrek aan sekuriteit	• Roteer pligte en tye van bankbesoeke om 'n patroon te verhoed • Verskaf sekuriteit aan die persoon wat bank toe gaan – ten minste twee mense moet gaan • Gebruik 'n kontantvervoerbesigheid om kontant na die bank te vervoer • Carro kan skuldig wees aan diefstal – veral omdat sy nie die eienaar(s) in kennis gestel het ten tyde van die diefstal nie. • Moedig die huurder aan om EFO's/ internetbetalings te maak

6

VRAAG 1:
TOTALE PUNTE

35

VRAAG 2**2.1.1 Bereken:**

(i) Totale Aankope	
BEREKENING	ANTWOORD
715 000 ✓ + 174 000 ✓ – 3 200 ✓ – 900 ✓	884 900 (totaal tel geen punte)
(ii) Totale Verkope	
BEREKENING	ANTWOORD
900 650 ✓ + 1 140 000 ✓ – 46 200 ✓ – 2 000 ✓	1 992 450 (totaal tel geen punte)

8

2.1.2

DT HANDELSREKENING Kt			
BESONDERHEDE	BEDRAG	BESONDERHEDE	BEDRAG
Beginvoorraad	400 200 ✓	Verkope	1 992 450 ✓ (sien 2.1.1)
Aankope	884 900 ✓ (sien 2.1.1)	Slotvoorraad	265 000 ✓
Doeaneregte	46 100 ✓		
Vraggeld op aankope	170 000 ✓		
Wins en Verlies	756 250 ✓		
	2 257 450		2 257 450

7

Vreemde items – 1 maks 1 bv Vraggeld op verkope

2.1.3

Carlton is besorg oor die hoë vervoerkoste wat hy op voorraad-aankope moet betaal (verwys na vraggeld op aankope). Gee vir Carlton advies oor hoe hy hierdie probleem kan oplos.

Enige EEN moontlike antwoord: ✓✓

- Koop voorraad van plaaslike verskaffers om vervoerafstande en koste te verminder.
- Onderhandel met vervoermaatskappye of logistieke verskaffers vir afslag vir grootmaatverskeping.
- Ondersoek alternatiewe vorme van vervoer, soos spoor- of seevrug.
- Voeg veelvuldige voorraadaankope saam vir minder besendings, waar moontlik.
- Beter voorraadbestuur – beplan afleweringe meer doeltreffend en vermy dringende afleweringe, wat duur uitwerk.
- Beding beter tariewe met vervoerders.

2

2.2 Vervaardigingskonsepte

2.2.1	Fabrieksbokoste ✓
2.2.2	Verpakkingsmateriaal ✓
2.2.3	Advertensies ✓

3

2.3.1

FABRIEKSBOKOSTE	BEWERKINGS	BEDRAG
Indirekte materiaal	10 870 ✓ + 30 400 ✓ – 7 200 ✓	34 070 ✓✓*
Indirekte arbeid		66 000 ✓
Water en Elektrisiteit	28 700 x 70%	20 090 ✓✓*
Huuruitgawe	$66\,900 \times \frac{2\,800}{3\,500}$ OF $\frac{4}{5}$	53 520 ✓✓*
Versekering	10 600 x 2	21 200 ✓✓*
Waardevermindering		11 400 ✓
Diverse uitgawes		12 420 ✓
TOTAAL		218 700 ✓✓*

14

*Een deel korrek

2.3.2

Dt		Goedere-in-bewerking		Kt
BESONDERHEDE	BEDRAG	BESONDERHEDE	BEDRAG	
Saldo a/b	32 440 ✓	Klaarprodukte	683 420 ✓✓ Balanserende bedrag	
Direkte arbeid	228 080 ✓	Saldo o/b	20 400 ✓	
Direkte materiaal	224 600 ✓✓			
Fabrieksbokoste	218 700 ✓ (sien 2.3.1)			
	703 820		703 820	
Saldo a/b	20 400			

8

2.4 BT RUGBYBALLE

2.4.1

Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.	
BEREKENING	ANTWOORD
$[76,60 \times 4\ 700]$ $360\ 020 \checkmark$ $260 \checkmark - 178,50 \checkmark$ $81,50\ (2\ punte)$	$4\ 417 \checkmark$ eenhede Aanvaar 4 418 (een deel korrek)

4

2.4.2

Moet Bevan tevrede wees met die vlak van produksie van rugbyballe in die 2024 finansiële jaar? Verduidelik kortliks deur toepaslike syfers aan te haal.	
Verduideliking $\checkmark$ Syfer $\checkmark$ Ja – produseer en verkoop 283/282 eenhede meer as gelykbreekpunt • Wins gemaak op 283/282 eenhede Nee – produksie is SLEGS 283 eenhede bo gelykbreekpunt – klein wins	

2

2.4.3

Verduidelik kortliks wat met “ekonomie van skaal” bedoel word met spesifieke verwysing na vaste koste.	
Soos meer eenhede geproduseer word, sal die vaste koste per eenheid daal. $\checkmark \checkmark$	

2

VRAAG 2: TOTALE PUNTE	50	
--------------------------	----	--

VRAAG 3

3.1.1 Noem enige TWEE items wat nie in die Kontantbegroting sal verskyn nie.

Enige TWEE moontlike antwoorde: ✓ ✓

Oninbare skuld

Korting toegestaan

Onttrekking van voorraad

Korting ontvang

2

3.1.2 Bereken die persentasie goedere wat gedurende September 2024 op krediet verkoop is.

BEREKENING	ANTWOORD
$\frac{60\,400}{77\,000} \times 100$	78,4 (een deel korrek, X 100 nie een deel korrek)

3

3.1.3 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

Maand in 2024	Krediet verkope	Berekeninge	Oktober
Augustus	R90 200	$90\,200 \times \frac{15}{100}$	13 530 ✓
September	R60 400	$60\,400 \times \frac{30}{100}$	18 120 ✓
Oktober	$[60\,400 \times \frac{90}{100}]$ 54 360 ✓	$54\,360 \times 0,95 \times 0,5$	25 821 ✓✓
KONTANT VAN DEBITEURE			57 471 ✓

6

3.1.4 KONTANTBEGROTING

KONTANT ONVANGSTES	OKTOBER
Kontant van debiteure	57 471 ✓
Kontant verkope	12 600 ✓
Rente op vaste deposito (14 100/3)	4 700 ✓
Huurinkomste ($\frac{48\,000}{12} \times \frac{90}{100}$) OF (4 000 een punt – 400 een punt)	3 600 ✓*
Kapitaalbydrae	50 000 ✓
	128 371 ✓
KONTANT BETALINGS	
Kontant betaal aan krediteure ($16\,600 + 60\,400 \times \frac{100}{140}$)	55 000 ✓✓*
Onderhoud van geboue	3 000 ✓
Onttrekkings	7 000 ✓
Water & elektrisiteit (2 400 + 2 640)	5 040 ✓✓*
	70 040 ✓
Kontant surplus / tekort vir die maand	58 331 ✓
Bank (Beginsaldo)	(24 800) ✓
Bank (Eindsaldo) (berekening Surplus vir die maand – Beginsaldo)	33 531 ✓

18

* Een deel korrek

3.1.5

Vergelyk die werklike syfers van September 2024 met die begrote bedrae. Adviseer die eienaar oor moontlike redes vir die verskille en wat hy kan doen om die situasie gedurende Oktober 2024 te verbeter. Geen syfers word benodig nie.

	REDES ✓ ✓ ✓ (geen syfers nodig nie)	ADVIES ✓ ✓ ✓
HUURINKOMSTE	• swak invorderings-beleid • oorbegroot;	• ondersoek die redes. • pas begroting aan of implementeer reëls vir die huurder
ONTTREKKINGS	• misbruik die feit dat hy die eienaar is	• moet by begroting hou • Reëlins om goeie kontant-bestuurpraktyke toe te pas
ONDERHOUD VAN GEBOUE	• onderbegroot • hopelik sal die ekstra geld wat in Februarie bestee word, die uitgawe in die toekoms verminder	• ondersoek en begroot behoorlik in die toekoms

6

**VRAAG 3:
TOTALE PUNTE**

35

VRAAG 4

4.1 BTW

4.1.1 Waarvoor staan die afkorting BTW?

Belasting op Toegevoegde Waarde ✓

1

4.1.2 Waarom klassifiseer die regering sekere items as nulkoers vir BTW? Noem TWEE nulkoersitems.

REDE:
✓✓

Om die belastinglas op essensiële goedere en dienste wat as noodsaaklik geag word vir basiese lewenstandaarde, veral vir lae-inkomste huishoudings, te verlig.

Enige TWEE nulkoers-items: ✓ ✓

• Bruin brood. • Mieliemeel. • Stampmielies. • Mielerys. • Gedroogde mielies.
 • Gedroogde bone. • Lensies. • Sardientjies in blikkies. • Melkpoeier. • Suiwel-
 poermengsels • Rys. • Groente. • Vrugte. • Groente olie. • Melk.
 • Aangesuurde melk. • Bruin koringmeel. • Eiers. • Eetbare peulgewasse en
 ander gewasse van peulplante • Paraffien

4

4.1.3 Verduidelik kortliks aan Mia wat word met Uitset BTW en Inset BTW bedoel.

Uitset BTW

Word van klante ingevorder op goedere verkoop en dienste gelewer. Betaal ingevorderde BTW aan SAID ✓

Inset BTW

Word aan verskaffers betaal op goedere wat gekoop word. Eis betaalde BTW terug vanaf SARS. ✓

2

4.1.4 Bereken die BTW betaal op die nuwe winkeltoerusting wat gekoop is.

BEREKENING	ANTWOORD
$R8\,500 \checkmark \times 15\% \checkmark$	1 275 ✓

3

4.1.5 Gebruik die inligting i.v.m. die goedere wat gedurende Oktober 2024 van verskaffers gekoop is.

BEREKENING	ANTWOORD
BTW op hierdie goedere: $62\,974 \checkmark \times \frac{15}{115} \checkmark$	8 214 ☒ *
Die koste van alle goedere aangekoop, BTW uitgesluit: $(62\,974 \checkmark - 8\,214 \text{ VAT}) + 12\,800 \checkmark$ 54 760 (2 punte)	67 560 ☒ *

7

* Een deel korrek

4.2 Probleemoplossing en Etiek

4.2.1 Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak, en haal syfers aan om die probleem te ondersteun. Bied in elke geval vir Kyle Rob advies oor hoe om die probleem op te los.

	PROBLEEM ✓ ✓ ✓ SYFERS ✓ ✓ ✓	ADVIES ✓ ✓ ✓
QONCE	• Verkoopinkomste (R1 000 000 vs R900 000) • R100 000 minder as verwagte verkoopinkomste • Moontlikheid van diefstal / omrol van kontant	• Deeglike ondersoek om rede vir tekort bepaal • Moontlikheid van diefstal – open strafsak
CAMDEBOO	• Aantal fietse verkoop slegs 200/ 50% van wat Qonce verkoop / 200 minder as Qonce/ 52,6% van wat Humansdorp verkoop het /180 minder as Humansdorp • Bestuurder se salaris die hoogste (R22 000) maar die laagste verkope	• Beter advertensies • Verander bestuurder se salaris van 'n vaste salaris tot kommissie-basis.
HUMANSDORP	• Bestuurder het 34 dae verlof geneem • Te veel dae verlof in vergelyking met ander bestuurders • 32 fietse deur klante teruggebring / 8,4% van fietse wat verkoop is, is teruggebring	• Beter beheer oor verlof • Hersien verlofbeleide • Onbetaalde verlof indien meer as toegelate dae • Doen 'n deeglike ondersoek van die fietse wat deur klante teruggebring word om enige kwaliteits- of herhalende kwessies te identifiseer. • Kry terugvoer van kliënte om die redes vir die terugbring van die fietse te verstaan. • Verskaf bykomende opleiding aan personeellede wat verantwoordelik is vir fietsinspeksies en kliëntediens om verdere terugbring te voorkom.

4.2.2 **Wat is 'n fluitjieblaser?***Enige korrekte verduideliking ✓✓*

'n Fluitjieblaser is iemand wat werkplektoestande rapporteer wat hy of sy glo onveilig of onwettig is. / dikwels 'n werknemer, wat inligting openbaar oor 'n aktiwiteit binne 'n organisasie wat as onwettig, immoreel, onveilig of bedrieglik beskou word.

2

4.2.3 **Wat is die etiese kenmerke van 'n fluitjieblaser, na jou mening? Noem TWEE kenmerke.***Noem enige twee aanvaarbare eienskappe ✓ ✓*

Integriteit
Eerlikheid
Objektiwiteit
Rekenpligtigheid
Moed
Altruïsme
Empatie

2

VRAAG 4: TOTALE PUNT

30

TOTAAL: 150